Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

- ***1 Petrus 2:5***

Lewende Stene

Jy is ingemessel

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel.
Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

Om geestelik te groei het jy die gemeenskap van gelowiges om jou nodig.

PLAVEISEL STENE

Elkeen het Sondag by die eredienste ‘n plaveisel steen ontvang met ‘n rekkie en koevert. (Indien u nie by die dienste kon wees nie, kan jy jou steen by die kantoor gaan kry). Kinders is deel hiervan.

Doel: Elkeen kry geleentheid om iets kosbaar, mooi en spesiaal op die steen te skryf (soos in verse 2-3 van Efes 4).
Daarna word die stene geseël en ingelê as deel van ons gemeente se storie en pad met God.
Koevert: U kan of u tiende maand bydrae EFT of in die koevert plaas en by die erediens of by een van ons kampusse kom ingee.
Wat is Tiendemaand: Dit is ‘n besondere geleentheid in die jaar waar ons spesiaal elkeen vir die Here dankie sê vir Sy versorging, seën, genade, liefde en vergifnis deur ‘n spesiale bydrae te gee vir Sy koninkryk se op- en uitbou.

OPENING

Hoor hoe dit by elkeen hierdie week gaan. Wat is relevant in ons omgewing waarvoor ons kan bid en hoe wil die Here ons daar dalk gebruik as Christene?

Hoor hoe gaan dit met elkeen (spandeer tyd saam om te luister en te ontdek)

KOM ONS BEGIN

Hoe dink julle het die kerk van Jesus in die vroeë eeue ‘n verskil gemaak in hulle omgewing?

_____

_____

_____

God roep mense om die gemeenskap van gelowiges, die kerk, op te bou. Maar wat verstaan ons onder die woordjie kerk? En wat beteken die term “gemeenskap van gelowiges”? Hoe verstaan ons ons kerkwees in hierdie wêreld, hoe verstaan ons ons gemeentelike kerkwees en natuurlik, hoe verstaan ons ons kerkwees en gemeentewees hier waar ons woon.

Ons teks vir hierdie reeks is 1 Petrus 2:5

Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
1 Petrus 2:5

Klink hierdie teks al vir jou anders noudat ons dit so gereeld hoor?

KOM ONS LEES

1 Kor 12:12-31

12 Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm,
so is dit ook met die liggaam van Christus. 13 Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een
Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk.
14 Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit baie. 15 As die voet sou sê: "Omdat ek nie 'n hand is nie,
is ek nie deel van die liggaam nie," hou hy om dié rede tog nie op om deel van die liggaam te wees nie. 16 En as
die oor sou sê: "Omdat ek nie 'n oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie," hou hy om dié rede eweneens nie
op om deel van die liggaam te wees nie. 17 As die hele liggaam oog was, hoe sou hy kon hoor? En as die hele
liggaam oor was, hoe sou hy kon ruik? 18 Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam
gevoeg soos Hy dit wou hê. 19 As almal saam net een lid was, hoe sou daar 'n liggaam kon wees? 20 Nou is daar wel
baie lede maar net een liggaam.
21 Die oog kan nie vir die hand sê: "Ek het jou nie nodig nie." Die kop kan weer nie vir die voete sê: "Ek het julle
nie nodig nie." 22 Inteendeel, die lede van die liggaam wat as die swakste voorkom, is juis noodsaaklik, 23 en dié
wat vir ons minder mooi lyk, klee ons met groter sorg. So word ons minder aansienlike dele besonder mooi
gemaak, 24 terwyl die aantreklike dele dit nie nodig het nie. God het die liggaam so saamgestel dat Hy groter eer
gegee het aan die lid wat eer kortkom, 25 sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die
lede gelyke sorg vir mekaar dra. 26 As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam
bly.
27 Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan. 28 En in die kerk is daar mense aan wie
God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars; verder is daar
dié wat wonderdade kan doen, dan dié wat genadegawes ontvang het om mense gesond te maak, om hulp te
verleen, om leiding te gee of om ongewone tale of klanke te gebruik. 29 Is almal miskien apostels? Is almal profete?
Is almal leraars? Kan almal miskien wonders doen? 30 Het almal die genadegawes om mense gesond te maak? Of
gebruik almal miskien ongewone tale of klanke en kan almal dit uitlê?
31 Lê julle toe op die beste genadegawes

INHOUD & GESPREK

- **Wat vra dié teks van my? Praat met God daaroor.**

Ons kan praat oor eenheid, oor liggaam, oor verskillende lede en oor Christus.

Wat kom in jou gedagtes op as jy die woorde: "baie lede" lees of hoor?

_____

_____

_____

Ons glo aan ‘n heilige algemene Christelike kerk. Waaraan dink julle as julle die woorde ***algemeen*** gebruik in die geloofsbelydenis.

_____

_____

_____

Wat leer 1 Kor 12 ons oor omgee en versorging van mekaar?

_____

_____

_____

Wat leer ons uit vers 26 oor kerk?

_____

_____

_____

VERDERE GESPREK

Hoe dink julle het God huiskerke in die tyd van die apostels gebruik om ander en mekaar te help en te versorg en voor te bid?

_____

_____

_____

Wat vra die Here vandag vir my/ons?

_____

_____

_____

UIT SONDAG SE EREDIENS

Wat kan jul byvoeg vanuit die eredienste van Sondag in ons kampusse?

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

MAAK VAS

Jesus is die Hoof van Sy liggaam, Sy kerk en Hy gee spesifieke riglyne deur van hoe Hy wil hê dit moet funksioneer. As deel van hierdie liggaam, vra God dit vir my persoonlik, asook vir ons as groep.

Hoe kan ek my

- **tyd,**
- **my gawes (en talente) en**
- **my geld (en besittings)**

gebruik en aanwend as deel van die een liggaam om Christus as Hoof te verheerlik.

Gebed
Jesus dankie dat U die Hoof is van U kerk en nie mense nie. Dankie dat U ons elkeen met gawes en talente, met tyd en vermoëns seën om tot seën vir ander te wees. Dankie dat U ons leer hoe om as U kerk te funksioneer en U daardeur te verheerlik!

Amen

NOTAS